Munniklaan 21
Sterpark
POLOKWANE
0699

TEL: 015 296-0940

Postnetsuite 001
P/S X9676
Hampton Court
POLOKWANE
0700

FAKS NO: 086 543 0378

Woensdag, 13 Maart 2019
Nuusbrief no 6 / 2019

Goeie dag liewe Osieteddie mamma en pappa,

Blessed beyond measure!
As ek die 1e kwartaal van 2019 moet opsom, is dit my eerste gedagtes. Baie dankie vir u aandeel. Aan ons Koning, al die eer!

Ken-mekaar-lekker-braai:
Baie dankie aan elke mamma en pappa wat saam kom braai het. Dankie ook aan elke klasmamma, dit was 'n pragtige funksie! Ek het net weer gisteraand besef dat elkeen van julle vir ons met die hand uitgesoek is!

Met 'n vol hart gee ek graag terugvoering oor ons suksesvolle **KOSTROLLIE-fondsinsamelingsprojek.**

- Ons het 'n mooi bedrag van om en by R60 000 ingesamel (daar is nog vorms uitstaande). Hiermee gaan ons aan die terrein werk, en die res van die Bere-huis regruk. Ons hou u op hoogte.
- Die Duvenhage-gesin het baie hard gewerk om die mooi bedrag van R3725 in te samel. Ons beloon hulle met 'n gesinsfotosessie van Lena Eager ter waarde van R1650.00. Dankie vir julle ondersteuning!
- Juanté Duvenhage is die gelukkige wenner van 'n R1000 koopbewys by Toys'R'us. Lekker "shop"!
- Feltus Brandt was die gelukkige wenner van die kreunende kostrollie.
- Baie dankie aan elke gesin wat die projek ondersteun het. Sonder julle sou die projek nie so suksesvol gewees het nie.
- Alle uitstaande gelde en borgvorms moet asseblief more ingedien word, sodat ons die projek kan afsluit.

Kostrollie borge:
Ondersteun asseblief ons borge, hulle hande was wawyd oop toe ons op hulle knoppies gedruk het.

- Swimrite
- Corné van Heerden, SA Toy Trade agent

- Aesthet Co.
- Viljoen Beverages
- Wins Motors
- Limpopo Contractors
- Chez Claudis
- Ame de Beaute
- Focus on Style
- Fusion Photography
- Mikes Kitchen
- Audio Corporation
- ME idealme
- Kalkfontein voerkraal
- Pietersburg bande

Versoek / gesoek:

- Ek is nogsteeds op soek na hout kabeltolle. Dit is die soort waarop Eskom se kabels gerol word. Groot 'seblief, ons wil graag daarmee speel, indien u het, of weet waar ons kan kry, sal ek dit baie waardeer.

Ek gee graag die **2de kwartaal** se belangrike datums deur. Ons spring reeds vroeg in die nuwe kwartaal weg met baie groot lekkertes!

- 2 April 2019 – Skole begin & kleuteratletiek-ouervergadering
- 3 April 2019 – Woelige Woensdag
- 4 April 2019 – Konsertvergadering
- 6 April 2019 – Opedag en inskrywings vir 2020 open
- 13 April 2019 – Kleuteratletiek
- 19 tot 22 April 2019 – Langnaweek

Kleuteratletiek: Saterdag, 13 April 2019

Die belangrikste reeling wat nou aandag moet geniet is die kleuters se T-hempies. Indien u graag as borg wil optree / of weet van 'n maatskappy wat bereid sal wees om 'n klas se hempies te borg, moet u asseblief die onderstaande strokie invul en so gou as moontlik aan die klasjuffrou terugbesorg. Borgbriewe is beskikbaar.

Hier volg die kostes verbonde aan die borgskap:

Klas se hempies met 1 logo (ongeveer 10cm x 20cm) op – R2275 / borg (rug) Maw - ALLEENREG
Met 2 logos (ongeveer 7cm x 15cm) – R1500 / borg (rug)
Met 3 logos (ongeveer 7cm x 15cm) – R1220 / borg (rug)
Met 4 logos (ongeveer 5cm x 12cm) – R1080 / borg
1 logo (ongeveer 5cm x 12cm) op die mou – R1800

Alle navrae kan gerig word aan: Linda – 083 656 1307 / 015 296 0940

Vakansie …. Yeah!

Ons skooltjie sluit Vrydag, 15 Maart om 12uur vir die halfdagmaatjies. Indien u bevoorreg is om so bietjie te gaan rustig raak, moet u dit asseblief baie geniet. Indien u op die groot

pad gaan wees, wees asseblief veilig. Indien u met 'Jan Tuisbly se karretjie' gaan ry, geniet die vrede by die huis! (Indien u werk, onthou dat iemand tog die ekonomie aan die gang moet hou!)

Gedagte vir die week: "Gee liefde oral waar jy gaan. Moet nooit dat iemand na jou toe kom sonder dat hy 'n gelukkiger mens van jou wegstap nie." – Moeder Teresa.

Geniet die res van die week.

- **Onthou ook om u kleuter daagliks te vertel hoe kosbaar hulle is!**

Vriendelike Osieteddies-groete
LINDA KRUGER & PERSONEEL

…….. skeur af en handig in..

Naam: …….

KLEUTERATLETIEKBORGE

	Klas se hempies met 1 logo (ongeveer 10cm x 20cm) op – R2275 / borg (rug)
	Met 2 logos (ongeveer 7cm x 15cm) – R1500 / borg (rug)
	Met 3 logos (ongeveer 7cm x 15cm) – R1220 / borg (rug)
	Met 4 logos (ongeveer 5cm x 12cm) – R1080 / borg
	1 logo (ongeveer 5cm x 12cm) op die mou – R1800

Klas waarvoor u die borgskap aanbied: .....

Besigheid se kontakpersoon:

.....

Kontaknommers:

.....